

**11 Oktober**

**Skrifgedeelte: Romeine 15:14-33**

**Fokusgedeelte: Romeine 15:17**

### **Goeie nuus : Trots in God se diens**

Paulus het God se goeie nuus hoofstuk vir hoofstuk in die brief aan die Romeine opgeskryf. Dit is die boodskap van vryspraak. Dit is die ongelooflike werklikheid dat skuldige sondaars onskuldig verklaar word. In hoofstuk 1:16 en 17 het Paulus gesê dat hy trots is op dié evangelie, iets wat hy in die slotakkoorde herhaal, want die apostel was met die skrywe van sy brief vir die Christene nog 'n volslae vreemdeling. Alhoewel hy baie dinge in dié brief sê, wil hy nie die indruk skep dat hy as 'n buitestaander ongevraagde geloofsdinge op die Christene in Rome kom afdwing nie. Die apostel wil hê die Christene moet die inhoud van sy brief aanvaar, want dit gaan alles om die koninkryk van God. Kyk hoe mooi skryf Paulus die slotsinne van hierdie stuk evangelie. Hy bevestig (vers 17) dat hy baie trots is op alles wat Christus Jesus tot dusver tot stand gebring het. Hy het gesorg dat mense in God glo. Vir geen oomblik praat Paulus van sy eie prestasies nie, maar as vrygekoopte sê hy nederig: "In Christus Jesus is ek trots op wat ek in diens van God kon verrig." Dié brief is nie syne nie, maar God se brief met goeie nuus. Paulus is nie die een wat die eer moet ontvang nie, maar Jesus Christus, in én deur wie vryspraak 'n werklikheid geword het.

Die apostel het die goeie nuus uitgedra. Duisende het daarvan gehoor én dit gelees. Sondaars kon dit hoor en die nuus aangryp en lewe. Luther het dit eens gelees – spesifiek Romeine 1:17, wat die wekroep tot die Reformasie geword het. Die wonderlike goeie nuus is: God spreek mense van hulle sonde vry enkel en alleen omdat hulle glo. Vertel jy dit ook vir almal wat jou pad kruis en wees trots op wat jy in diens van God kan verrig.

Sing: Psalm 98:4

Ds PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)